

13 JANUARIE

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 11
FOKUSGEDEELTE: PSALM 11:7(OAV)**

Neem toevlug by die Here

Daar is 'n verskil tussen toevlug en wegvlug. Dawid vermaan die kleingelowiges in hierdie psalm wat vir hom sê: Ontvlug na die berge, want die goddelose soek jou ondergang. O, nee ek neem nie ontvlugting nie, maar toevlug. Hy sê (vs. 1): "By die Here skuil ek." Hy weet: die Here sit in sy tempel. Ja, sy troon is in die hemel en Hy sien alles. Die mense se lewens is oop soos 'n boek voor Hom. Hy toets of beproef die regverdige (vs. 5), maar Hy ken ook die goddelose. Daarom kan hulle God se oordeel nie ontvlug nie. Vuur en swael sal op die goddelose reën, maar daarteenoor sal die gelowige God se aangesig sien (vs. 7). Om die Here te sien, druk die mees innige gemeenskap met Hom uit. 'n Gelowige vlug dus, maar ons vlug nie weg nie, ons vlug na die Here toe, na sy aangesig toe. In Christus is God se aangesig geen verskrikking vir ons nie, maar 'n smagting, 'n verlange.

Vandag behoort 'n gelowige steeds toevlug te neem tot in God se teenwoordigheid, sodat ons nie sal probeer om uit die wêreld te ontvlug nie. Ons mag nie bang wees vir die goddelose en probeer wegvlug nie, ons moet vlug na die Here se aangesig – in ons persoonlike godsdiens en die erediens. Want ons het 'n vaste hoop. In Christus is ons die nuwe mensheid wat sy aangesig eendag in al sy heerlijkheid sal sien (Op. 22:4). Vir sy aangesig sal die goddelose eendag moet wegvlug, maar vir die gelowige is en sal sy aangesig altyd 'n toevlug wees. Moenie wegvlug nie, maar neem jou toevlug vandag tot in die Here se teenwoordigheid!

Sing: Psalm 91:1,2

Ds Ronald Bain (Potgietersrus-Wes)